

ALLE VORME VAN HUURINKOMSTE MOET AAN SARS VERKLAAR WORD

Tshwane, 11 Maart 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) wil eiendomseienaars, wie se eiendomme binne Suid-Afrika geleë is en wie gaste teen 'n fooi huisves, daaraan herinner dat die huurinkomste wat hulle ontvang in hulle inkomstebelastingopgawes verklaar moet word.

Dit is dieselfde beleid wat van toepassing is op enige persoon wat huurinkomste verdien uit die verhuring van hul eiendom as huiseienaar, wat hulle onder dieselfde verpligting plaas om sodanige huurinkomste aan SARS te verklaar.

'n Eienaar van eiendom is ook vereis om as BTW-ondernemer te registreer, met die verpligtinge wat daarmee saamgaan, indien die korttermyn huurinkomste R1 miljoen in 'n 12-maandetydperk oorskry.

SARS werk hard daaraan om duidelikheid en sekerheid aan belastingpligtiges te bied om hulle in staat te stel om hul verpligtinge moeiteloos na te kom. Ons strewende ook daarna om dit vir belastingpligtiges, wat nakomende wil wees, maklik te maak. Ons benadering is nog altyd dat elke belastingpligtige sy/haar regverdige deel moet betaal.

Ons is egter ook vasberade om dit moeilik en duur te maak vir nie-nakomende belastingpligtiges wat nie bereid is om hulle verpligtinge na te kom nie. Ons werk hard daaraan om stelselvermoëns te verbeter om sodoende belastingpligtiges op te spoor wat nie-nakomend is, deur die gebruik van data wat risiko identifiseer.

Vroeë bewyse het die noodzaak om nakoming te verbeter in hierdie sektor, van eiendomseienaars wat inkomste genereer uit betalende gaste, uitgelig.

Eiendomseienaars wat, tot op datum, nie huurinkomste verklaar het nie, word aangemoedig om hul sake met onmiddellike effek te regulariseer. Die betrokke belastingpligtiges kan kies om gebruik te maak van die Vrywillige Blootleggingsprogram (VBP) wat meer gunstige terme bied. Versuim om jou sake te regulariseer, kan belastingpligtiges op risiko plaas, en sou hulle deur SARS vir oudit uitgewys word, sal die gewone strengere prosesse van toepassing wees.

Die voordeel van die gebruik van die VBP, is dat dit meer gunstige terme bied vir 'n aanslag ingevolge die boetebedrag.

Belastingpligtiges word daaraan herinner dat die versuim om hulle belastingverpligtinge na te kom kan lei tot die ophef van administratiewe boetes, bykomend tot rente of selfs kriminele stappe teen hulle.

Die VBP-eenheid by SARS kan direk gekontak word by VDP@sars.gov.za.